# Boekbespreking

HEBLY, JA 1983 – *Strijd om vrede*

152 bladsye. 's-Gravenhage: Boekencentrum B.V.

**Inleiding**

Van die essays in hierdie bundel is reeds elders gepubliseer. Maar dit is baie handig om almal wat handel oor die kerk in 'n Marxistiese samelewing bymekaar te hê. Die hoofonderwerpe is: Kerk en staat, marxisme en die vredesvraagstuk.

Die skrywer was 'n Hervormde predikant in Nederland vanaf 1950 tot 1970. Tans is hy verbonde aan die afdeling "Oecumenica van het interuniversitair Instituut voor Missiologie en Oecumenica (IMO) te Utrecht".

Drie momente staan baie duidelik uit: dat die skrywer 'n kenner is wat weet waarvan hy praat; dat hy 'n objektiewe kritikus is (bl 139), en dat die kerke van die betrokke lande onder die hiel van die kommunisme staan, waarvan die invloed tot in die Wêreldraad van Kerke sterk deurvloei.

Voordat aan hierdie drie fasette verdere aandag aan die hand van die verskillende essays gegee word, bied ek as resensent 'n opsommende woordelys wat uit die essays saamgestel is, en wat 'n oriëntering vir die oningewyde leser sal wees.

**Marxistiese interpretasieskema van (Bybelse) woorde (bl 142).**

Met die betekenis wat die Marxistiese kerke aan selfs Bybelse woorde gee, kan byna 'n nuwe woordeboek saamgestel word. Ek gee enkele voorbeelde:

| | | |
|---|---|---|
| goeie biskop | = | hou alleen op feesdae diens in die katedraal en verlaat nooit die stad om die gemeente te besoek nie (bl 15). |
| slegte biskop | = | probeer kerkraad en kore verbeter en preek dikwels vir fanatici (bl 15). |
| fanatikus | = | kerkgangers wat beswaarskrifte aan die owerheid rig (bl 15). |
| marginalisasie | = | die kerk moet terugtrek uit die maatskaplike lewe tot die religieuse sfeer alleen. In die religieuse sfeer mag hy egter nie stilweg groei nie, maar remmend homself as kerk vernietig (bl 25). |
| integrasie | = | inskakeling van die kerk by die opbou van |

| | | |
|---|---|---|
| | | sosialisme waar marginalisasie nie slaag nie (bl 26). If you can't beat them use them? |
| marranisasie | = | 'n ander woord wat ons kan gebruik vir integrasie of "een afgedwongen conformisme in een ideologiesch gelijkgeschakelde samenleving aan het gangbare ritueel". Spaanse en Portugese Jode is in die 14de en 15de eeu gedwing om hulle te laat doop sonder om werklik Christene te wees. Hulle is Marrane genoem (bl 27, 48). |
| vrede | = | Marxistiese sosialisme (bl 143). |
| vredemaak | = | die vestiging van sosialisme (bl 27). |
| maatskaplike rypheid | = | sosialistiese aangepastheid (bl 46). |
| sosialisme | = | ware humanisme (bl 93). |
| vredesopvoeding | = | opvoeding tot sosialistiese persoonlikhede (bl 108). |
| sending | = | om kerke in nie-sosialistiese lande informasie oor die korrekte kerk-staat verhouding te gee (bl 115). |
| ekumene | = | om buitelandse kerke daarvan te oortuig dat die nuwe orde (in Hongarye bv.) van God gestuur is (bl 133). |
| boetedoening | = | die besef dat die weg na 'n nuwe lewe via revolusie in volk en kerk plaasvind (bl 119). |
| sonde teen die Heilige Gees | = | om nie saam te werk met diegene wat die lewe wil bewaar, die hongeriges wil voed en sosiale geregtigheid wil verwerklik nie (bl 120). |
| hoof van kerk | = | nie Jesus Christus volgens die Bybel nie, maar die nuwe orde wat kritiek op die kerk uitoefen en aan wie die kerk voortdurend boete moet doen van sy "eigen zonden en falen in het verleden" (bl 123). |
| profetiese diens | = | geroepenheid om 'n aan God beantwoordende orde van dinge te verkondig (bl 123, 150). |
| diens | = | die kerk sien sy plek en opdrag as 'n dienende kerk waarvoor hy 'n teologie van diens moet uitwerk (bl 128–131). |
| diakonie | = | die dienende kerk is 'n diensbare kerk wat mag bydra tot die versterking van die regime maar nie sy eie vernuwing en suiwering mag bevorder nie (bl 134). |

| | | |
|---|---|---|
| eskatologie | = | (die Hongaarse kerke) is van mening dat die weg na die toekoms volgens die wetmatighede van die maatskaplike ontwikkeling na 'n sosialistiese wêreldorde lei (bl 124–127). Kubaanse sosialisme is "realized eschatology" (bl 152). |
| menslike verlossing | = | die ontwikkeling van die nuwe mens deur arbeid soos die Marxisme leer (bl 142). |
| arbeid | = | die mens werk in op die natuur en verander dit en daarmee verander ook die menslike natuur. Daarom is werk die kern van die sosialistiese lewenswyse (bl 142). |
| vryheid | = | om God se wil te doen is om geregtigheid en vrede te bewerk, wat in die nuwe samelewing geskied, daarom is vryheid om jou by die nuwe samelewing aan te sluit (bl 142). |
| ryk van God | = | sosialistiese samelewing (bl 145). |
| kerk | = | dit het nie 'n eie gestalte nie maar leef in die lede wat hulle volledig in die nuwe sosialistiese samelewing integreer en daar voluit gaan vir die volle verlossing. So gaan die kerk op in die ryk van God (bl 145). |
| heil | = | die geestelike rekonstruksie van die mens tot 'n sosialistiese lewensbeskouing (bl 145). |
| ateïsme | = | die onvermoë om die tekens van die tyd te verstaan dat God in die nuwe samelewing besig is met die rekonstruksie van die mens waarin die heil hiernoumaals verwerklik word (bl 147). |
| duisternis | = | kapitalisme (bl 150). |
| lig | = | Marxistiese sosialisme (bl 150). |
| oorwinning | = | positiewe uitslag van die stryd van die lig teen die duisternis (bl 150). |
| evangelisasie | = | nie om Marxiste tot geloof op te roep nie, maar om gelowiges vertroud te maak met die Marxisme (bl 151). |
| teologie van bevryding | = | die taak van teoloë in 'n pre-revolusionêre situasie (bl 152). |
| teologie van gehoorsaamheid | = | die taak van teoloë in 'n situasie waar sosialisme die mag in die staat oorgeneem het (bl 152). |

## Bespreking van die verskillende essays

Die skrywer verrek hom om sy objektiewe benadering te implemen-

teer. Alhoewel hy homself voorstel as iemand wat nie in elke afgevaardigde van die Russiese kerk 'n politieke agitator vermoed nie, getuig die hele boek byna dat so 'n vermoede bykans korrek sou wees! Verder stel die skrywer hom negatief teenoor die bestaan van 'n sogenaamde ondergrondse kerk. Maar telkens getuig die feite wel in daardie rigting, byvoorbeeld: "Vrije discussie binnen de kerk, en daar niet alleen, is uitgesloten en men duldt de kerk slechts als een overblijfsel van het verleden" (bl 14). "Maar in het verborgene gaat men door en pas door de arrestasies is het bestaan van deze groepen bekend geworden" (bl 20). "Als de kerkdeur met een hangslot wordt afgesloten, wordt het Woord Gods niet vergeten. Wij komen op feestdagen en's avonds in een of ander huis samen, lezen de Heilige Schrift, zingen vromen liederen, spreken over het leven na de dood. Eerst waren we maar weinigen, maar het worden er steeds meer" (bl 21).

Die eerste essay gee 'n perspektief oor die kerk in die Sowjet-Unie. Die Russies-Ortodokse Kerk, historiese volkskerk van Rusland, is nog steeds in 'n sekere sin volkskerk – maar ten dienste van die volkskommunisme (bl 10, 96, 97). Tipies van die verhouding staat en kerk is die feit dat regoor 'n kerk, aan die ander kant van die straat, die buro vir die Raad vir Religieuse Aangeleenthede van die staat gevestig word – "die houden ons in het oog en helpen ons ook" (bl 10). Geen benoeming of verplasing van biskoppe kan sonder hierdie Raad se toestemming plaasvind nie (bl 15). Die skrywer stem met Solzjenitsyn saam dat die kerk in Rusland 'n gevange maar nie gevalle kerk is nie (bl 17).

In die tweede essay word meer oor die Russies-Ortodokse Kerk gehandel en wel oor sy plek in die Oos-Europese ekumene.

Wat die Marxistiese invloed op die WRK betref, is die volgende voorbeelde beslissend:

"Deelname van kerken uit socialistische landen in een internationaal kerkelijk orgaan is eigenlijk ideologisch alleen te rechtvaardigen als die kerken in dat orgaan de functie vervullen van dragers van het socialisme en proberen het om te vormen tot bondgenoot in die strijd voor de revolutionaire omvorming van de wereld onder leiding van het socialistische moederland" (bl 32).

Die skrywer toon aan dat die kerke in sosialistiese lande blokvorming bevorder sodat die invloed op die WRK sterker kan wees (bl 40, 47). Oor die voorbereiding van die WRK-vergadering te Vancouver, 1983, sê die skrywer: "In deze wat verhullende formuleringen wordt eigenlijk voorgesteld dat men wat krachtiger gebruik wil maken van die Wereldraad als middel om het imago van het socialisme in die wereld te verbeteren" (bl 43). Die skrywer stel baie vrae oor geheime optrede van kerkorganisasies in die sosialistiese lande (bl 43, 45).

Duidelik word aangetoon dat die invloed 'n eenrigting het – van die sosialistiese kerke na die WRK en nooit andersom nie (bl 35).

Die derde essay bespreek die WRK se poging om 'n derde weg, 'n alternatiewe gemeenskap, anders as die kapitalistiese of Marxistiese, te probeer vestig, genoem: verantwoordelike maatskappy (bl 49). Die redes waarom die WRK nie die kerke in die Kommunistiese lande kritiseer nie, word bespreek (bl 54–63). Die skrywer werk ses dossiers van die WRK sistematies deur om die stelling te bewys dat die WRK neutraal bly teenoor genoemde kerke (bl 59).

In die volgende essay word gehandel oor godsdiensvryheid in Oos-Europa en die WRK. Na deeglike bespreking kom die skrywer tot die gevolgtrekking: "De Wereldraad van Kerken biedt niet meer het platform waar problemen betreffende de vrijheid van godsdienst in oosteuropese landen kunnen worder besproken" (bl 77).

'n Volgende essay bespreek die vredewerk van kerke en vredeskonferensie in Oos-Europa. Die konklusie is weer eens: "Het vredeswerk van de kerken in Oost-Europa is een instrument geworden in handen van de overheden en getuigt niet van een herleving van de sociale en politieke betrokkenheid van de kerken, maar van een corruptie ervan. De geweldige internationale dimensie die dit vredeswerk heeft gekregen getuigt evemin van de opbloei van de oecumene, maar van haar corruptie" (bl 83).

Die nuwe sosialistiese volkskerkkarakter van die Russies-Ortodokse Kerk, is voluit kerk VAN die volk en nie meer kerk IN die volk nie. Die kerk is integrerende deel van die samelewing en verskil daarvan slegs nog in twee opsigte: die kerk se metafisiese prinsiep en sy antropologie van die ontsterflikheid van die siel (bl 98).

Die tweede laaste essay bespreek die Hongaarse model van kerkwees in 'n sosialistiese samelewing. In hierdie kerk leef die gedagte sterk dat God in die historiese gebeurtenisse Homself openbaar soos in die Heilige Skrif. Die Heilige Gees sou dan die heilswerk direk met wêreldgebeure realiseer. "Cyrus als instrument Gods (Jes 45:4) leidt tot de opmerking dat de grootste vernieuwingen in die wereld tot stand zijn gekomen door seculaire bewegingen als de Franse Revolusie en de arbeidersbeweging" (bl 119).

Die party word die voorhoede wat die opwindende weg na die toekoms aantoon. Die kerk moet opskud om by te bly en word beskuldig dat hy nie op die voorhoede is nie (bl 121). Die Hongaarse kerke maak daarop aanspraak dat hulle nie kritiek teen die owerheid tot elke prys vermy nie, maar dat hulle kritiek nie op konfrontasie gerig is nie en daarom word aggressie, polemiek en kwetsende toon vermy (bl 127). Die skrywer konkludeer oor hierdie aspek van kritiek: "Maar dat er theologische redenen zijn waarom de kerken die leven in het socialistische systeem niét en de kerken die leven in het kapitalistiese systeem wel profetisch – kritisch moeten spreken,

wordt niet duidelijk. Hier schijnen meer marxistisch – ideologische dan bijbels – teologische motiveringen te moeten worden verondersteld" (bl 128).

Die laaste essay is 'n bespreking van die Belydenis van die sosialistiese kerk in Cuba. Die Belydenis is beïnvloed deur Bonhoeffer, Hromadka en die Hongaarse Hervormde Kerk (bl 13).

Die skrywer bespreek die "geloofsartikels" in onder andere die volgende temas: mens sentraal (bl 139), menslike rentmeesterskap (bl 140), arbeid as grondbeginsel van geestelikheid (bl 141), vryheid as menslike verantwoordelikheid (bl 142), en so meer. 'n Verwronge volkskerkkarakter kom uit hierdie Belydenis na vore naamlik dat die burgerplig wat in die volksfront en vakorganisasie vervul moet word, die eerste Christenplig is (bl 141).

Wie enigsins twyfel oor die Kommunistiese invloed en gevaar in die Wêreldraad van Kerke en oor die aktualiteit hiervan in ons dag vir ons eie land, móét hierdie boek lees!

**HG van der Westhuizen**

PRINSLOO, EH en PJ ROSSOUW1983 – *Okkultisme*

88 bladsye. Pretoria: NG Kerkboekhandel. Prys R7,25

Mense se nuuskierigheid word maklik geprikkel ten einde die onbekende te probeer agterkom. Daarom was daar deur die eeue heen belangstelling in die okkultisme. Onkunde lei maklik tot bygeloof. Dikwels bly die okkultisme nie net by bygelowige verbintenisse nie, maar gaan dit in sy uiterste vorm tot Satanisme oor. Soos in ander lande word ook in ons land dikwels gelees van sataniste wat 'n byeenkoms hou.

In die afgelope aantal jare het daar hernude belangstelling in die okkultisme gekom. Die rol wat die son in die gang van dae en jare speel, het meegebring dat talle godsdienste om sonverering en verering van die hemelliggame draai. Dagblaaie het gereeld 'n rubriek asof die sterre die toekoms kan voorspel. Talle Christene is bereid om hulle beplanning – soms tot selfs die keuse van 'n huweliksmaat – aan die aanwysings van 'n horoskoop toe te vertrou.

Talle geskrifte het oorsee oor die okkultisme verskyn. In Afrikaans is daar nog baie min beskikbaar. Soos die ander geskrifte in Afrikaans is ook dié van Prinsloo en Rossouw beperk tot 'n klein aantal geskrifte, wat in hulle eie woorde slegs beoog om 'n inleiding te bied. Dit bring mee dat slegs enkele trekke oor verskillende okkulteverskynsels aangebied word. Tog probeer die skrywers om so 'n wye veld as moontlik te dek. Die boek bied 'n definisie, agtergrondgege-

wens, uitingsvorme van die okkultisme en eindig met die wyse waarop die Christen die aanslag kan oorwin. Die optrede van die Christen word geskoei op Ef 6:10–18.

'n Geskrif oor hierdie onderwerp kan maklik ontaard in 'n sensasiegeskrif. Dit is daarom verblydend dat die skrywers hulle beperk het tot 'n nugtere bespreking van die verskillende onderwerpe. Die verklarende woordelys agter in die boekie kan ook baie nuttig gebruik word. Daar word ook van 'n aantal sketse gebruik gemaak om sommige okkulte-verskynsels mee te illustreer.

Daar kan toegegee word dat die boekie slegs op die meer oppervlakkige verskynsels wys. Dit is waarskynlik die rede waarom daar nie meer aandag gegee word aan die kabbalisme, wat in talle gevalle die grondslag vorm vir die okkulte-verskynsels nie.

Op die buiteblad is 'n sirkel afgebeeld. Daar word egter nie ingegaan op die slang en slangkrag (kundalini), wat uitgebeeld word in die slang wat sy stert insluk en so 'n sirkel vorm nie. Die woord kundalini kom nie eers in die woordelys voor nie. Dit is jammer as in gedagte gehou word dat seks by die Satanisme en in Joga 'n belangrike rol speel. Mense doen Joga oefeninge om die sogenaamde heilsame voordele. Hulle besef nie die gedagte is ook dat die kundalini versterk word nie.

Daar is ernstiger en meer problematiese aspekte verbonde aan die okkultisme, waaroor nie gehandel is nie. Andersyds word 'n paar bladsye afgestaan aan wat hier genoem word projeksie-diagnostiek, waaronder die homopatie ook afgekeur word. Dit is waar dat sommige homopate hulle met okkulte beginsels besig hou. Dit is egter eweseer waar dat daar talle ander is wat dit afkeur. Dit kon ter wille van billikheid duideliker gesê gewees het. Daar is trouens ànder rigtings wat hulle met genesing bemoei waar die okkultisme 'n groter rol speel.

Die skrywer het probeer om in 'n baie kort geskrif 'n omvattende onderwerp te behandel. Die okkultisme is 'n baie sluwe verskynsel. Hierdie geskrif sal sekerlik daartoe bydra dat mense meer op hulle hoede sal wees en opnuut besef dat die Skrif die enigste antwoord is op al sulke verskynsels.

TFJ Dreyer (sr)

VAN DER LAAN, H – *Communism in a Christian perspective*

93 Bladsye. Prys R4,50. (Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO)

Henk van der Laan het aan die Vrije Universiteit van Amsterdam

studeer. Na 'n paar jaar van predikantskap in 'n Gereformeerde Kerk, was hy vir sowat agt jaar sendeling in Indonesië. Vir vyf jaar lank daarna was hy professor in filosofie en nie-Christelike godsdienste in Australië. Sedert 1979 is hy weer in Nederland predikant.

Die onderhawige publikasie is 'n verwerking van sy intreerede in 1976 as professor en bied ook baie informasie oor die sosio-ekonomiese toestand in Indonesië en Australië. Teen hierdie agtergrond word dan verder 'n goeie oorsig gebied van die stand van kommunisme in Indonesië en Australië.

Dit is juis minder bekend maar hoogs interessant om te verneem hoe die Sjinese kommunisme in Australië voet aan wal sit. Omdat kommunisme so missionêr met 'n eie eskatalogie is (bl 15), is dit nie voldoende om dit maar net as 'n ateïstiese gevaar af te wys nie. Die skrywer ontleed dus die filosofie van Karl Marx en dui ook die verskille en oorgange aan tussen Marx, Lenin, Stalin en Mao Tsetung. Ek dink dis belangriker as dat dit interessant is om daarop te let dat veral Mao (soos ook Stalin) nasionalisme akkommodeer en in kommunisme inkorporeer (bl 27).

In die bespreking van die "Chinese way of Marxism" word 'n klassifisering en ontleding van Mao Tsetung se kanon van heilige geskrifte gegee (bl 37 e.a.). Na 'n prikkelende ontleding van Maoïsme in die Sjinese praktyk, gaan die skrywer oor tot 'n uitgebreide Christelike evaluering daarvan.

Die hoofstuk "Confrontation with Karl Marx" vertoon 'n redelike wye opset. Die verskillende fases in die geskiedenis van Marxisme word ontleed en Ernst Bloch, Herbert Marcuse en andere verkry 'n eervolle plek daarin. Karl Marx se persoonsgeskiedenis kom ook aan die beurt. Vir sy vader Heinrich het Karl 'n groot bewondering gehad. Heinrich het om politieke en sosiale redes met die Joodse gemeenskap gebreek en hom as Protestant laat doop. Karl het altyd 'n foto van sy vader by hom gehad en toe Karl dood is het Engels dit in Karl se doodskis geplaas (bl 69).

Na 'n bespreking oor die kulturele agtergrond waarin Karl Marx geleef het, word 'n oorsigtelike bespreking van Marx se geskrifte gegee.

Ongelukkig is Marx se doktorale proefskrif nooit gepubliseer nie en het dit ook soek geraak (bl 71).

Marx se opvatting oor God word só opgesom: "Only for people who think that the world is irrational and who are themselves irrational, God exists. Irrationality is the existence of God" (bl 72).

Die praktiese aard van Marx se kritiek op die teoretiese filosowe kan soos volg gestel word: "Die wapen van kritiek kan nie die kritiek van die wapen vervang nie!" (bl 76).

Die skrywer gee ten slotte 'n gerubriseerde konklusie oor Marx, naamlik dat Marx se innerlike ontwikkeling op die steunpunt berus:

"Man is the origin, way and aim of his own development in history" (bl 84); dat Marx in diametrale konfrontasie staan teenoor die Christelike lewensbeskouing (bl 86); dat Marx 'n humanisties-rasionalistiese vorm van Christendom aangeval het en nie die evangelie nie – want dié het hy blykbaar nie geken nie (bl 89).

Dit word tyd dat ons van hierdie tipe leesstof deeglik kennis neem.

HG van der Westhuizen

LOUW, DJ 1983 – *Siekepastoraat. Siekwees as krisis en geleentheid*

90 bladsye. NG-Kerkboekhandel. Prys R13,95

'n Afdeling van die Poimeniek wat die afgelope paar jaar verskeie ontwikkelinge beleef het is die siekepastoraat òf pastoraat in mediese konteks òf selfs genoem lydenspastoraat. Antwoorde moet vandag deur die besondere pastoraat gegee word op vrae wat enkele jare gelede nog nie aan die orde was nie.

Dr. Danie Louw wat veral gemoeid is met die kursus M.Th (Siekepastoraat) te Stellenbosch se publikasie is 'n welkome bydrae op die gebied van die pastorale versorging van die siek mens.

Daar word dikwels beweer dat siekwees 'n kuns is. Met so 'n uitspraak word nie bedoel dat die pastoraat die mens vooraf 'n bepaalde tegniek òf vermoë kan aanleer hoe om siek te wees nie. Die bedoeling is eintlik dat die sieke sy siekte moet sien as 'n opgawe. Dit wil sê as 'n besondere geleentheid tot diens aan God en die medemens. So gesien is siekte eintlik 'n toespitsing van dit waartoe die mens in elk geval geroep is om te doen: diens aan God en die medemens. Siekte word dan 'n roeping en verantwoordelikheid binne 'n lewende verhouding tot God en 'n liefdevolle verhouding met die naaste. Dit is in liefde dat die mens siekte as kuns kan beoefen. Hiervoor benodig die sieke toerusting en ondersteuning.

Sonder toerusting en voorbereiding kan siekte, ervaar as ondraaglike las, die siek mens vernietig en laat disintegreer. Daarom is dit nodig dat die predikant in die toekoms homself die vraag moet afvra of hy daarin slaag om in sy ampbediening lidmate voor te berei vir die krisis van siekte en dood. Die krisis van siekte kan slegs 'n geleentheid en opgawe word in die mate waarin die gelowige in Christus opgebou is en oor innerlike reserwes beskik waaruit die siekte as 'n roeping ter hand geneem word.

Louw begin sy werk met die vraag: Wat maak van siekwees 'n probleem en 'n krisis? Nadat hy die verskillende fases van siekwees

ontleed het, blyk dat die krisis van die siekbed nie 'n verleentheid is nie, maar 'n geleentheid.

In die afdeling wat handel oor die pastoraat aan 'n siek mens blyk dit dat Louw van mening is dat die pastorale versorging van siekes 'n omvattende bedieningspatroon is. Tereg skryf hy dat die besondere pastoraat verkondiging beoog.

Volgens hom is verkondiging die saamsoek na die waarheid van God se Woord binne 'n konkrete situasie. Teks en konteks word só dinamiese gebeure.

Die vraag na die teologiese prinsipe in die pastorale bediening aan die siek mens word deur Louw objektief hanteer. Die twee hoofstrome word kortliks aangedui en inderdaad is dit so dat die pastoraat as geloofshulp die kernmomente van die pastorale bediening omvat, naamlik die element van verkondiging van die Woord, van sonde en vergifnis. Daarmee kan die pastoraat egter nie volstaan nie. Met sy formulering geloofshulp as lewenshulp wil H Tacke voorkom dat dit in die pastoraat net om bekering òf slegs om 'n daad sal gaan. Dit is nie die argitektuur van die gesprek en die gesindheid van die pastor wat die pastorale karakter van 'n besoek bepaal nie, maar die inhoud van die geloof. In dié verband sê Louw: "Indien pastoraat losgemaak word van die inhoud van die geloof, naamlik die heilshistories-eskatologiese heilshandelinge van God Drie-enig, verloor dit sy eiesoortige karakter en word 'n pastor bloot 'n terapeut òf kliniese sielkundige."

Louw meen dat die pastoraat 'n derde dimensie het benewens geloofs- en lewenshulp, naamlik oorwinningsorg. Dié sien hy as pastoraat wat 'n gerigtheid beoog vanuit die oorwinning van die opstanding na die toekoms toe.

Besondere waardevolle inligting word deur die skrywer hanteer wanneer hy praktiese riglyne neerlê in die hoofstuk getitel: "Die pastor in die hospitaal" asook "Strategie langs die siekbed".

In die laaste afdeling van die boek toon Louw aan hoe die pastoraat as oorwinningsorg in spesifieke situasies gekonkretiseer word. Dit is sekerlik nie nodig dat 'n pastor mediese kennis moet verwerf voordat hy 'n sieke besoek nie, maar dit bly 'n aksiomatiese waarheid dat sekere situasies spesifieke eise aan sy pastorale sensitiwiteit stel. Hy moet 'n onderskeidingsvermoë ontwikkel om te bepaal watter benadering in 'n gegewe situasie relevant is. Dit verg baie geduld om elkeen binne sy unieke situasie te verstaan. Dit verg ook kennis om te weet dat spesifieke soort siektes besondere behoeftes en dus 'n besondere benadering verg. 'n Leemte in die werk van Louw is dat die pastoraat aan die psigiatriese pasiënt geen aandag geniet nie. Daar word dikwels van dié siekes gepraat as "die stiefkinders van die kerk", juis vanweë die feit dat die pastor geneig is om pasiënte in psigiatriese hospitale te vermy.

Die boek skep die indruk dat die skrywer hoogdrawende taal as skryfstyl effektief implementeer, want met groot aandag kom die leser tot begrip vir die saak wat die skrywer stel. Dit is seker deels daaraan te wyte dat die skrywer hom skuldig maak aan moeilike taalgebruik en dat sy studie in die filosofie tog neerslag vind in sy skryftrant.

Hierdie boek regverdig 'n wye leserskring, veral uit die geledere van die teoloë.

JA van Biljon

*Venster op die huwelik*, **1982**

268 bladsye. Prys R5,60. (22 hoofstukke deur lidmate van die drie Afrikaanse Kerke, uitgegee deur die Instituut vir die bevordering van Calvinisme, PU vir CHO).

Die boek val uiteen in 3 dele. A. Voor die huwelik, B. In die huwelik, C. Huweliksverryking.

In 'n redaksionele nawoord sê die publikasiekomitee van die Instituut vir Reformatoriese studie ten opsigte van die doel van die boek "Indien u besluit om saam net een hoofstuk per week te lees – en in praktyk te bring – het u 'n hele jaarprogram vir konstruktiewe huweliksverryking. Dit bevat ook soveel Skrifverwysings wat u kan nalees dat dit selfs as Skrifstudiehandleiding vir getroudes gebruik kan word." Die oogmerk van die opstellers was dan ook om in "bevatlike taal, kort en op die kêrel/nooi, bruidegom/bruid, man/vrou af", die sake wat in die boek aan die orde kom, aan te bied.

Globaal beskou, is die publikasie verfrissend anders in sy benadering tot die diskussie van huweliksaangeleenthede in ons tyd. Baie fasette van voor- en binnehuwelikse verhoudinge word ontleed. Die skrywers van die verskillende hoofstukke slaag in die meerderheid van gevalle uitmuntend daarin om deur te dring tot die praktyk en aktuele problematiese sake verantwoordelik en verstaanbaar te hanteer. Alle aktuele vrae wat jongmense (en hulle ouers) mag kwel, word nie net verstaanbaar nie, maar baie verantwoordelik beantwoord. As sodanig bied dit 'n uitstekende vertrekpunt vir 'n vrugbare en in ons tyd noodsaaklike diskussie tussen ouers en hulle kinders oor sake soos: Is dit verkeerd om voor die huwelik saam te woon? Christelike sleep? Verkeerde huweliksmotiewe? Halsoorkop keuses? Kan ek met iemand van 'n ander geloofsoortuiging trou? Met iemand van 'n ander kleur? Met 'n geskeide vrou? Studente-

huwelike? Het ons mekaar werklik lief? Verlowing sinvol of nie? Binne of buite gemeenskap van goedere? ensovoorts.

Die onderwerpe wat behandel word onder afdeling B (in die huwelik) is net so aktueel en belangrik, veral as in gedagte gehou word dat huweliksgenote elke dag een hoofstuk kan lees oor onderwerpe soos: Wat is God se bedoeling met die huwelik? Hoe belangrik is seks in die huwelik? Ongeluk of huwelik? Waarom mag die huwelik nie ontbind word nie? Ek het alle gevoel vir my lewensmaat verloor – wat moet ek doen? My huweliksmaat was ontrou teenoor my – wat moet ek doen? Hoe maak ons met persoonlikheids- konflikte? Hoe verstaan ek my man? Hoe verstaan ek my vrou? Hoe leef ek alleen verder? ensovoorts.

Afdeling C bied uitstekende materiaal vir diegene wat hulle huwelik wil verryk. Baie moderne huwelike kan verdiep word deur onderwerpe soos: Kom ons bou mekaar! Praat jou hart uit met jou huweliksmaat! Praat jou hart uit met hulle wat weet! Kom ons bestudeer die Bybel saam! Kom ons bid saam! Kom ons gaan saam kerk toe! Kom ons ontspan saam! Die huwelik – 'n fees!

Indien die boek aangewend en gebruik word vir die doel waarvoor dit geskryf is, kan die waarde van hierdie publikasie baie moeilik oorskat word. Dit kan deur predikante gebruik word by hantering van huweliksprobleme. Dit kan dien as riglyn vir huweliksverrykingskampe. Dit kan deur individuele egpare gebruik word om hulle eie huwelike te verryk en te verdiep en in baie gevalle te herstel. Dit kan deur ouers wat tienderjarige kinders het gebruik word as basis vir vrugbare gesprekke oor netelige kwessies.

Ongelukkig is dit onmoontlik om binne die bestek van 'n resensie elke bydrae afsonderlik teologies te ontleed. Afgesien van die feit dat die bydraes se kwaliteit onderling van wisselende aard is en dat kritiese vrae in enkele gevalle gestel kan word, soos byvoorbeeld ten opsigte van skrifbeskouing en skrifhantering, moet eenvoudig gestel word dat die positiewe kwaliteit en moontlikhede van hierdie publikasie die kritiese opmerkings wat daar mag wees, gewoon oorskadu.

Een van die tekortkominge in hierdie publikasie is egter dat evaluasievrae ná die afsonderlike hoofstukke ontbreek. Vrae ná elke hoofstuk of stellings wat die leser kan oordink en evalueer of wat 'n huwelikspaar met mekaar kan bespreek, sal 'n werk soos hierdie se waarde vir die praktyk nog verder verhoog.

Prof. Hertzog Venter verdien 'n pluimpie vir die versorging van die taal. Die werk is inderdaad in goeie Afrikaans geskryf.

Die boek word ten sterkste aanbeveel, vir predikante, ouers, jongmense, hoërskoolkinders, en veral huweliksgenote. Al sou lesers ingrypend verskil met die siening van 'n bepaalde skrywer, sal dit nog tot vrugbare diskussie lei.

**JC van der Merwe**

Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestukke nommers 188–192, 1983. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F1)

Die Instituut vir Reformatoriese Studie publiseer gereeld korter werkies oor aktuele onderwerpe. So pas is die volgende ontvang:

Van der Walt, T. *Herdenk(ing) van die Kerkhervorming. Die stroomversnelling van destyds en die stroomversnelling vandag.*
Chao, T. *Towards an evangelical Theology in totalitarian cultures with special reference to Socialist China.*
Duvenage, B. *Beroep en roeping.*
Van Wyk, JH. *Calvyn oor die Christelike Lewe.*
Buys, PW. *Luther, die Reformasie en ons.*

Al hierdie werkies is teologies gefundeer, prakties gerig en eenvoudig en verstaanbaar geskryf. Elkeen kos R1 en is van die Instituut, PU vir CHO, Potchefstroom, verkrygbaar.

PS Dreyer

Instituut vir Reformatoriese Studie. Bekendstelling

In November 1982 was die IRS 20 jaar oud. Om dit te herdenk is 'n gedenkbrosjure *IRS: 1962–1982* uitgegee. Volgens die brosjure is gedurende die twintig jaar 264 afsonderlike publikasies (gesamentlik 31 200 bladsye) uitgegee. In die *Hervormde Teologiese Studies* is 'n hele aantal hiervan geresenseer. Die brosjure self bestaan uit 52 bladsye, wat (soos te verwagte is) gewy is aan die feestelike geleentheid. Daarmee saam is 'n aantal pamflette met boekelyste ensovoorts gestuur, wat ook 'n beeld gee van die IRS se werk. Ingesluit is ook vier brosjures wat almal deur die IRS uitgegee is:

Fowler, A. *Karl Marx – Secular Messiah* (23 bl);
Van der Walt, BJ. *God se wil. Hoe die Heilige Gees 'n mens by moeilike besluite lei* (17 bl);
Nel, M. *Die Verbondskind* (21 bl);
Coetzee, JC. *Die onheilige Drietal: Die Duiwel, die Antichris en die valse Profeet* (9 bl);

Moontlik sal die werkies nog in HTS bespreek word. Dit is 'n genoeë vir HTS om die IRS geluk te wens met die heuglike gebeurtenis en om hom seën vir die toekoms toe te bid.

Saam met die bogenoemde geskrifte is ook 'n eksemplaar van die bekende tydskrif *Koers* aan ons gestuur. Dit is Jaargang 47 nommer 4, wat op die buiteblad as 1982 en op die titelblad as 1983 gedateer is.

Artikels wat opgeneem is, is die volgende:

Geertsema, JC. "Statistiek as Christelike Wetenskap";
Schuurman, E. "Mag, wat kan? Over genetische Manipulatie";
Spoelstra, B. "Kernfisika en kwasjiorkor";
Schutte, HJ. "Invloed van wiskundige denke";
Rautenbach, WL. "Ideale vir die uitbouing van tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika";
De Klerk, GJ. "'Debiteure' van die Bedryfsekonomie".

Boekbesprekings : Dit gee 'n aanduiding van die koers van die tydskrif en die wye veld wat dit dek. Ons bring dit onder ons lesers se aandag.

**PS Dreyer**